DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICÉA

Hierdie Belydenisskrif word genoem na die plek Nicéa (Klein-Asië) waar daar in die jaar 325 'n Sinode gehou is en waar die dwalings van Arius verwerp is. Die finale vorm is egter eers van 'n later datum, waarskynlik van die Sinode van Konstantinopel, 381 (NGB, art 9).

- Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;
- en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:
- Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.
- Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword;
- onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig;
- Hy het gely en is begrawe.
- Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar.
- Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel.
- Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak.
- Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik.
- Hy het deur die profete gespreek.
- Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk.
- Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.
- Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.

Amen.